Graad 8 EAT

Vraestel 2

Leesvaardigheid (20 punte)
Prosateks en visuele teks

12 punte + 8 punte = 20 punte

Vlak 1+2 = 8 Prosateks = 5 + 5 + 2 = 12

Vlak 3 = 8

Vlak 4+5 = 4 Visuele teks = 3 + 3 + 2 = 8

Direkte vrae waar jy inhoud moet herroep:

1. Kyk na die opskrif van die resensies.
(1) a) Wie is die skrywer van die jeugboek? (1)
b) Wat is die naam van die jeugboek? (1)

2. In die boek moet die hoofkarakters hulle ouers red wat deur goggas gevangene gehou word.
(2) Noem die name van die twee hoofkarakters. (2)

3. Beide Christiaan en Karla was mal oor die boeke.
(1) Watter EEN het die boek in een middag klaargelees?

(1) 4. Wat was Karla se gunsteling deel van die boek?

Maak afleidings oor die inhoud.

1. Karla het die boek tjoef-tjaf klaar gelees. Gee EEN WOORD wat dieselfde beteken as tjoef-tjaf. (1) (1)
2. Lees paragraaf 3 van Karla se resensie. Haal twee aparte woorde aan wat sinonieme van groot is. (2) (2)
3. "Ek dink toe ek die sien, toe sê dit vir my: "Lees my, Karla!" "
   Is dit letterlik of figuurlik bedoel? Motiveer jou antwoord. (2) (1)
4. Christiaan het gevoel dat die illustrasies baie snaaks is en dat hulle hom twee keer laat kyk het. Verduidelik hoekom 'n illustrasie jou twee keer sal laat kyk (1)
5. Is die volgende stelling 'n feit of 'n mening?
   Ek kan sien dat dit sommer 'n baie interessante boek gaan wees. (1)

Beoordeel die inhoud.

1. Dink jy dat "Monster-goggo" 'n nuwe of 'n ou jeugboek is? Motiveer jou antwoord.
2. Sal dit beter wees as 'n grootmens eerder die resensie geskryf het as kinders? Motiveer jou antwoord.
3. Sal jy graag "Monster-gogga" wil lees? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Visuele teks (3 + 3 + 2)

Direkte vrae waar jy inhoud moet herroep.

1. Wanneer kan jy vir Koos Kombuis ontmoet? (1) (1)
2. Waar kan jy die boek koop? (1) (1)
3. Hoeveel bladsy het Monster-goggas? (1)
4. Hoe weet ons dat die miere in die strate groot is? Haal DRIE opeenvolgende woorde aan as antwoord. (1)
5. Wat sal gebeur as jy die boek voor 27 Februarie bestel?

Maak afleidings oor die inhoud.

1. 'n Spinnekop het een van die seuns in die Graad 7-klas gebyt. Wat is hierdie seun se naam? (1)
2. Jy moet betyds bespreek om Koos Kombuis te ontmoet, want daar is beperkte plek. Verduidelik wat beperkte plek beteken. (1)
3. Hierdie boek is geskik vir selflees kinders. Verduidelik wat selflees kinders is. (1) (1)
4. Jy moet betaal om Koos Kombuis te ontmoet. Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord met EEN WOORD uit die gedeelte oor Koos Kombuis. (1) (1)

Beoordeel die inhoud

1. Kyk na die spesiale aanbod en die twee resensies. Sou Karla Tolken of Christiaan Ganade van die spesiale aanbod gebruik kon maak? Motiveer jou antwoord. (2) (2)
2. Dink jy dat jy die teikengehoor is van hierdie boek? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

## Resensie van Koos Kombuis se jeugboek, MONSTER-GOGGAS

deur Karla Tolken (10) van Kenridge Primêre Skool



Ek dink toe ek die boek, MONSTER-GOGGAS, sien, toe sê dit vir my "Lees my, Karla!" Die voorblad het my aan een van Jaco Jacobs se boeke laat dink, maar ek was verkeerd ... want vir my was dit selfs beter!

Ek het gehou van die styl waarin die boek geskryf is. Dit het maklik gelees. Ek het ook baie van die illustrasies gehou, want dit was iets heeltemal anders.

Die storie is baie spannend! Dit speel af in 'n klein dorpie met die naam Geluksspruit. Die hoofkarakters, Gappie en Nadia, moet hulle ouers, wie deur monster-goggas in 'n saal gevange gehou word, gaan red! Daar is ook 'n boelie, Groot Piet, en hy word deur 'n massiewe gogga gebyt en swel reusagtig groot op. Hy word dan die leier van die goggas ... Dit was beslis my gunsteling deel van die boek.

Ek kon identifiseer met die karakters, veral met die onderwyser, ou Tor gehou, wanneer hy vir Gappie skel. Ek dink ek sou ook vir Gappie uitgeskel het! Ou Tor en Groot Piet het my lekker laat lag.

Ek dink die boek moet 'n refleksie van Koos Kombuis se karakter wees. Dit is in 'n unieke styl geskryf, en ek hou van sy styl. Ek wil baie graag nog van sy jeugboeke lees, want ek dink hulle is perfek vir my. En hy is ook 'n baie goeie sanger!

Ek kan dit aanbeveel vir kinders van my ouderdom en ouer. Dogters en seuns sal ewe veel daarvan hou. Ek het die boek tjoef-tjaf klaar gelees, omdat dit so spannend was.

Dit was die beste boek ooit!

26 Februarie 2016

## Resensie van Koos Kombuis se jeugboek, MONSTER-GOGGAS

deur Christiaan Genade (9) van Worcester Primêre Skool



Toe ek die boek die eerste keer vashou, kon ek sien dat dit sommer 'n baie interessante boek gaan wees. Die voorbladprent is baie kleurvol en snaaks en het my laat wonder presies wat hierdie grillerige goggas in die boek gaan aanvang!

Koos Kombuis se foto op die agterkant van die boek het my laat dink hierdie oom lyk nie vervelig nie, so daarom sal sy storie seker 'n lekker storie wees. Ek het baie gehou van die illustrasies in die boek. Die illustrasies is baie snaaks en hulle het my twee keer laat kyk al is hulle net in swart en wit. Die illustrasies vertel presies wat besig is om in die storie te gebeur, soos die prentjie van die onderwyser wat hom boeglam skrik en die kakkerlak wat by die broodblik probeer uitklim.

Die karakters in die boek is net soos regte mense wat ek ken. Al is ek 'n bietjie jonger as Gappie, kon ek nogal dink hoe hy moet voel in die vervelige Wiskundeklas met die meneer wat hom die hele tyd dophou. Ek het baie van die hoofkarakters, Gappie en Nadia, gehou want hulle lyk na kinders met wie ek vriende sal wil wees. Hulle is slim en maak goeie planne om die krisis op te los. Elke keer as Gappie voel asof hy skoenlappers in sy maag kry wanneer hy vir Nadia sien, het dit my laat lag.

Die boek is geskryf net soos ek praat. In mooi Afrikaans, maar daar is ook cool woorde tussenin soos wat ek en my maats gebruik. Ek het sommer lekker gelag vir ou Tor se "bgy" en die byname in die boek soos ou Tor, Muggie, Groot Piet en Gappie.

Die storie was beslis vir my snaaks en interessant. Dit was só boeiend dat ek dit in een middag móés klaar lees. My gunsteling deel van die boek, was toe Gappie Nadia se pa se kar by die laboratorium steel om hulle so gou as moontlik terug in die dorp te kry. Maar toe beland hulle in 'n toktokkie se gat!

Ek sal beslis nog van Koos Kombuis se boeke wil lees, want sy idees vir 'n storie is vir my interessant en nuut. Ek gaan al my vriende van hierdie boek vertel omdat dit 'n lekkerlees storie is, wat spannend en snaaks is.

27 Februarie 2016

# Koos Kombuis se eerste jeugboek!

Bekende skrywer, Koos Kombuis, het besluit om sy heel eerste jeugboek te skryf, en om die eksklusiewe verkoopregte aan Anna Emm Kinderstories te gee! Hierdie boek gaan dus nie in die winkels beskikbaar wees nie - net by ons agente.

**Ons is baie trots!**

**KOM ONTMOET VIR KOOS KOMBUIS:**

Bespreek NOU jou plek by die boekbekendstelling van "Monster-Goggas" op 27 Feb en laat Koos Kombuis jou boek teken!

*Toegang gratis.*
*Beperkte plek - bespreek betyds.*





# Monster-Goggas

**Daar is iets vreemds aan die gang op Gelukspruit.**

Wanneer 'n spinnekop een van die seuns in die Graad 7-klas byt, swel hy tot 'n reusagtige grootte! En dan is daar die monsteragtige sprinkane wat die skoolbus aanval, miere so groot soos katte wat die strate invaar, en die vreemde ding wat 'n gat deur die laboratorium se draadheining gevreet het... Toe al die grootmense deur monster-goggas gyselaar gehou word, moet Gappie en Nadia al hulle moed bymekaarskraap om uit te vind wat aangaan. Voor dit te laat is!

Geskik vir **8-12** jaar oud

SPESIALE AANBOD: "PRE-ORDER" hierdie boek vóór 27 Februarie @ slegs R100!

Met illustrasies deur Alex van Houwelingen




Kode: JV04A
Monster-Goggas
A5 Storieboek
100 bladsye
**R120.00**

Hierdie boek is geskik vir selflees kinders 8-12 jaar.

Graad 8 EAT
<u>Letterkunde - afdeling</u>

Poësie - 15 punte
Prosa - 15 punte

Vlakke = 12 + 12 + 6
poësie = 6 + 6 + 3
Prosa = 6 + 6 + 3.

<u>Poësie</u>

Die groot hou

1. Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die antwoord neer.

   Die gedig bestaan uit vyf (kwatryne / koeplette)
2. Die bouler "is vasberaad" in strofe 1. Verduidelik hoekom die bouler vasberaad is. 3
3. Haal 'n voorbeeld van 'n vergelyking uit die gedig aan. +2
4. a) Oor watter sport handel "Die groot hou"?
   b) Haal drie aparte woorde aan wat jou antwoord by a) ondersteun.

Kinderspeletjies

1. Wat is die funksie van die dubbelpunt in versreël 1?
2. Haal 'n voorbeeld van assonansie aan uit Strofe 1. Onderstreep die assonerende klanke.
3. Is daar 'n verskil tussen die speletjies wat Oupa in sy jongdae en sy kleinseun vandag speel? Motiveer jou antwoord.

Graad 8 EAT
Prosa + Drama
6 + 6 + 3 = 15 punte

Direkte vrae oor die inhoud

Tuindwergies : 1. ~~Wie is Oempa en Rakker ?~~ vlak 1 (1)
~~2. Hoekom sê Oempa "Genoeg is genoeg!"?~~ (1)
3.

Tuindwergies

1. Wat is Oempa en Rakker ? vlak 1
2. Waar woon Oempa en Rakker ? vlak 1
3. "As ek daardie brak in die hande kry..."
   3.1. Wat is 'n brak ? (1)
   3.2. Wat het hierdie brak gedoen ? (1)
4. Wat gebeur met Oempa en Rakker wanneer die son opkom ? (1)
5. Wat het Hildegard Langenhoven met die twee tuindwergies gemaak ? (1)

Afleidings oor die inhoud.

1. Beskryf in jou eie woorde wat sal gebeur as Oempa in die middel van die straat vries.
2. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR Motiveer jou antwoord.
   Oempa gebruik regte vloekwoorde om te wys hoe kwaad hy is. (1)
3. Verduidelik wat bedoel word ~~met~~ wanneer Hildegard "'n nare kabouterhater van 'n vroumens" genoem word.

4.

Beoordeel die inhoud.

1. Dink jy dat "Die Tuindwergies" realiteit of fantasie is? Motiveer jou antwoord.

2. Het jy ~~van die~~ gedink die drama was snaaks? Motiveer jou antwoord.

Sticks and Stones

Direkte vrae oor die inhoud.

1. Hoekom moes Stefanus by sy ouma Rina-hulle in die Paarl gaan bly? (1)
2. Kies uit kolom B die korrekte antwoord om by die sin of frase in Kolom A te pas. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

2.1. 'n pofhand met stomp, geel vingers en afgebyte naels. ~~Sticks~~ Stones

2.2. "Is alles reg, ou seun?" Mnr. Basson

2.3. "Ek dink ek sal gelukkig wees hier." Stefanus

~~2.4. "Lek die skoene! Hierdie leer is dols" Stones~~

Afleidings oor die inhoud.

1. Oupa begin trots praat: "Hierdie klipgeboutjie hier regs was die saal toe ek nog, hier op skool was." Het Stefanus positiewe of negatiewe gevoelens oor die ou skoolsaaltjie? Motiveer jou antwoord.
2. Waarom is Stefanus se klere vol stofmerke en sy skoolbroek se knieknoppe vol gaatjies?
3. Stefanus was baie gelukkig by die beste skool in die land.
Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord met twee redes. (2)

Beoordeel die inhoud.

1. Dink jy dat Stefanus die regte ding gedoen het om Stones met 'n pen te steek in die badkamer? Gee 'n rede vir jou antwoord.

2. Stones het stomp, geel vingers en afgebyte naels. Stones dra ook 'n gebleikte blou streepbaadjie. Hy stink na sigaretrook.

Voel jy jammer vir Stones? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

Junie-eksamen
Graad 8 EAT
Begrip = 20 punte ✓
Taal = 30 punte ✓

Vlak 1+2 = 1.1 1.2 1.3 1.6 2.1 2.2 2.4
Vlak 3 = 1.4 15.1 15.2 1.7 1.8 2.3 2.5 2.6
Vlak 4+5 = 1.9 1.10 2.7

Afd A

Vlak 1+2 = 1.1 (1), 1.2 (2), 1.3 (1), 1.6 (1)
2.1 (1), 2.2 (1); 2.4 (1) (8)

Vlak 3 = 1.4 (1), 1.5.1 (1); 1.5.2 (1); 1.7 (1);
1.8 (1), 2.3 (1), 2.5 (1), 2.6 (1) (8)

Vlak 4+5 = 1.9 (1) 1.10 (1) 2.7 (2) (4)

Vlak 1+2 = 7.1 (1) 7.5.1 — 7.5.3 (3) 7.7.1 (1); 7.7.2 (1) (6)

Vlak 3 = 7.2 (2) 7.3 (1) 7.4 (1) 7.8 (1) 7.9 (1) (6)

Vlak 4+5 = 7.6 (1) 7.10 (1) 7.11 (1). (3)